

Die volgende is 'n klastoets soos voorsien deur die VAW.

Instruksie: Voltooi dié klastoets in jou werkboek as 'n Hersieningsoefening van Hoofstuk 3.

Opskrif: Hersieningsoefening 10

Getalpatrone

Vraag 1: Gegee die getalpatroon $3; -4; -11; -18; \dots; -130$

- 1.1 Bepaal die algemene term van die ry. (2)
 1.2 Bepaal die 10^{de} term (2)
 1.3 Hoeveel terme is daar in die ry? (3)
 [7]

Vraag 2: Gegee: $T_n = \frac{1}{3}n + 3$.

- 2.1 Bepaal T_{15} . (2)
 2.2 Bepaal watter term gelyk is aan 112 (2)
 [4]

Vraag 3: Gegee:

1	2	3
OOOO	OOOOOOO	OOOOOOOOOO
OCCO	OCCOCCO	OCCOCCOCCO
OOOO	OOOOOOO	OOOOOOOOOO

- 3.1 As die patroonnommer n is, skryf 'n formule neer om die volgende te bereken:
 3.1.1 die aantal sirkels in patroon n . (2)
 3.1.2 die aantal gebroke sirkels (**C**'s) in patroon n . (1)
 3.1.3 die totale aantal sirkels (O en **C**) in patroon n . (2)
 3.2 Gebruik 'n toepaslike formule en bereken die patroonnommer as daar 150 wit sirkels in die patroon is. (3)
 [8]

Vraag 4:

As die patroon MATHSMATHSMATHS.... op dieselfde manier voortgaan, wat sal die 267^{de} letter wees? (1)

Totaal: [25]